# BYLAAG F2: 'n Duitser aan die Kaap

oom Andries uitgehuur is. Naas hulle drie was daar egter nie minder as elf ander mans uit Grünberg wat tussen 1747 en 1792 in diens van die VOC na die Kaap gekom het nie, 'n groottotaal van veertien oor 45 jaar,[97] en aangesien die beraamde bevolking van die dorpie teen 1760 'n blote 2600 was,[98] is dit 'n merkwaardig hoë syfer.

Vermoedelik was hierdie mans almal onderling verbonde deur verwantskap of vriendskap en het hulle hul as gevolg van persoonlike aanbeveling en aanmoediging na die Kaap begewe; waarby daar ook in gedagte gehou word dat Grünberg tydens die Sewejarige Oorlog van 1756–1763 deur die Pruise en Hannoverane beset is en waarskynlik 'n ekonomiese knou gekry het wat as verdere aanmoediging tot emigrasie gedien het. Naas die drie Schmidts was daar onder die emigrante trouens nog drie gevalle van twee mans met telkens dieselfde familienaam, en een van hulle, Johannes Hertz, is bowendien na die Kaap gevolg deur sy vrou, wat in 1774 hier aangekom het as diensmeisie van 'n predikant op pad na Batavia, en hulle dogter, twee van die baie klein aantal Duitse vroue wat deur Hoge in sy lys immigrante aangegee word. Om die alomaanwesigheid van Duitse mans aan die Kaap gedurende die tweede helfte van die eeu nog verder te illustreer, kan bygevoeg word dat Casper Smit in 1778 getroud is met Machtelt Combrink (later bekend as die sendingweldoenster Machtelt Smit), gebore in 1749, wat self die dogter, stiefdogter, weduwee en skoonsuster van Duitse immigrante was.[99]

Moderne foto's van Grünberg toon 'n strak, stywe, welvarende Duitse stad tussen beboste groen heuwels, met heelwat ou vakwerkhuise vir diegene wat van vakwerk hou, tussen onpersoonlike moderne geboue.[100] Mens wonder watter verdere inligting deur navorsing in die plaaslike argiewe aan die lig gebring sou kan word.

Terwyl die meerderheid van hierdie Duitse immigrante geen skouspelagtige hoogtes in die plaaslike hiërargie van die VOC bereik het nie, was daar tog 'n beduidende aantal wat tot posisies van aansien en verantwoordelikheid gevorder het, en 'n paar voorbeelde uit die tyd van Hendrik Schoeman kan hier genoem word: die betrokke mans het terloops almal in die hoedanigheid van soldaat by die Kompanjie gedien.

'n Enigsins vroeër aankomeling was H.C. Möller uit Hamburg, wat sedert 1682 aan die Kaap was. Hy self het burgerraadslid geword, maar hy is noe-

landdros van Stellenbosch gedien, en getrou met die suster van ds. Beck. Waar Mentzel noem dat die vroeëre voorreg van die Kaapse owerheid om matrose en soldate van verbygaande skepe te lig, afgeskaf is, voeg hy by, 'Since that time the Cape Government has only been allowed to take off the ship's books the names of men who desire to remain at the Cape.'[95]

Ten slotte het dit volgens die gegewens by Hoge gedurende die agttiende eeu gereeld gebeur dat Duitsers in diens van die Kompanjie uitkom om by familielede of stads- of dorpsgenote aan te sluit wat reeds aan die Kaap gevestig was, wat beteken dat hulle by hul indienstreding uitdruklik gevra het om hier te mag diens doen en dat die versoek ingewillig is. Waarskynlik kon die Kompanjie binne die raamwerk van sy breë beleid en algemene behoeftes toegeeflik wees wanneer dit hom pas.

Met betrekking tot die ongeveer 4000 individue van wie hy besonderhede verstrek, merk Hoge op, 'only a very limited number—about a hundred, as far as we have been able to ascertain—left the Cape again',[96] en terwyl dit natuurlik 'n sekere aantal sterfgevalle in dienstyd insluit, dui dit op grootskaalse vestiging deur mans wie se dienstyd beëindig was, en lewer goeie getuienis van die Kaap se koloniseringsmoontlikhede.

Die feit dat Kompanjiesdienaars aan die Kaap so dikwels familie en bekendes in Duitsland aangemoedig het om hulle te volg, moet gesien word as 'n verdere aanduiding dat dit by alle aantoonbare beperkings tog 'n aantreklike woon- en werkplek was en een wat in heelwat gevalle bewus as sodanig gekies is. Mens vind voorbeelde hiervan in die geskiedenis van die Badenhorsts en die Becks wat nog hul verskyning in Hendrik Schoeman se verhaal sal maak, terwyl J.N. Schott uit Marburg in 1767 gevolg is deur twee broers wat albei as leenknegte by hom gedien het, en J.T. Rhenius het selfs drie van sy broers laat uitkom.

Die mees opvallende voorbeeld van hierdie proses wat ek ken, begin met ene Johan Smit (Johannes Schmidt) uit Grünberg in Hesse, ten noorde van Frankfurt am Main en in die nabyheid van Gießen, wat in 1747 as soldaat na die Kaap gekom, as bakker gewerk, en in 1753 vryburger geword en sy eie bakkery begin het. Sy broer Andries Smit (Andreas Schmidt) het hom in laasgenoemde jaar gevolg en in 1760 vryburgerskap verkry, op sý beurt gevolg deur hul neef Casper, wat in 1763 reeds aan die Kaap aanwesig was in die hoedanigheid van soldaat en vir enige jare deur die Kompanjie as kneg aan sy

78. Schmidt, pp.387–398 *passim*.
79. Plakkaatboek II, 109–128 *passim*.
80. *Precis:Journal*, pp.296–299 *passim*.
81. *Resolusies* 7, v-viii *passim*.
82. *Resolusies* 7, 1.
83. *Resolusies* 7, 14.
84. *Resolusies* 7, 97.
85. Sien Hoge, 'Preface'.
86. Sien hiervoor *Precis of the archives of the Cape of Good Hope: Letters despatched from the Cape, 1652–1662*; ed. H.C.V. Leibbrandt (1900), III, 283–306 (1656–62); G.G. Kloeke, *Herkomst en groei van het Afrikaans* (Leiden: Universitaire Pers, 1950), pp.240–248 (1664); A. Hulshof, 'Compagnie's dienaren aan de Kaap in 1685', *Bijdragen van het Historisch Genootschap te Utrecht* LXIII (1941?).
87. Hoge, 'Preface'.
88. Heese:Herkoms, p.13, met verwysing na H.T. Colenbrander, *De afkomst der Boeren* (1902).
89. Mentzel:Life, p.12.
90. Mentzel:Description 2, 114.
91. Mentzel:Life, p.47.
92. Sien Schoeman:Voorspel, pp.163–165.
93. *Precis of the archives of the Cape of Good Hope: Journal, 1662–1670*; ed. H.C.V. Leibbrandt (Cape Town: W.A. Richards, 1901), p.251.
94. Kolb II, 419.
95. Mentzel:Life, p.36.
96. Hoge, 'Preface'.
97. Sien Hoge; inskrywings onder: Blesser, Bott, Hertz, Linker, Marneweck, Pfeffer/Pfeiffer, Reuter, Schmidt & Semler.
98. Ek is dank verskuldig aan die Universiteitsbiblioteek te Gießen vir hierdie inligting.
99. Sien Schoeman:Dogter.
100. Vir Grünberg, sien Kurt Funk, *Grünberg: Geschichte und Gegenwart*; 2. überarb. Auflage (Gießen: Brühlscher Verlag, 1997).
101. Mentzel:Life, p.121.
102. G.C. de Wet in SABW 3, 19.
103. Schmidt, p.388.